Geagte aansoeker.

Ontvang hiermee die aangehegde dokumentasie vir u kennisname en volledige voltooiing. Lees asseblief die lyntariewe motivering dokument asook inligting oor wat ‘n sessie behels om u self te vergewis van die inhoud daarvan.

Let asseblief daarop dat daar verskillende stelle dokumente is wat voltooi moet word vir natuurlike persone en regspersone. Die Eskom kliënt inligtingsvorm moet deur die aansoeker persoonlik voltooi word. Gebruik die vloeidiagram en kontrolelys om te bepaal watter vorms voltooi moet word.

**BAIE BELANGRIK!**

**OM DIE REGISTRASIE PROSES GLAD TE LAAT VERLOOP IS DIT NOODSAAKLIK DAT DIE VOLTOOIDE DOKUMENTE SAAM GEGROEPEER WORD IN EEN OF HOOGSTENS TWEE E-POSSE WANNEER DIT AANGESTUUR WORD.**

Die afskrifte van Eskom rekeninge moet ook sover moontlik saamgegroepeer en gestuur word in so min as mootlik e-posse.

Ons benodig ten minste een rekening van slegs een maand van elke jaar vir die afgelope drie jaar naamlik 2015 tot 2017. Dit kan enige maand van ‘n jaar wees.

Indien enigsins moontlik word rekeninge ook vanaf 2007 tot 2015 van slegs een maand van elke jaar benodig om die lynheffings moontlik vanaf 2007 terug te eis. Dit kan ook enige maand van ‘n jaar wees.

Maak asseblief seker dat alle vorms volledig voltooi word voordat u dit terugstuur.

Vir enige verdere **navrae** kontak asb mnr Boeta du Toit 082 388 1722 of mnr Naudé Pienaar 082 776 8283.

Alle dokumentasie moet gestuur word na Agri NW-Hoofkantoor by marlize@agrinw.co.za of faks na 086 524 7206.

Vriendelike Groete.
Boeta du Toit
082 388 1722